



Publikasie nr.	Datum	Onderwerp nr.	Dokument nr.
011911	81010511811319	28.6	150111

18 MAY 1980

RAPPORT

Jg..... Nr. 20 P. 5 Dat.....

ROMPSLOMP PLA MET DIE POLISSE TEEN OPROER

KAAPSTAD — Hoewel die polisse wat uitsluitend dekking teen politieke oproere en kwaadwillige beskadiging bied, as goeie produkte beskou word, is die administratiewe rompslomp daaraan verbonde 'n groot struikelblok.

Die mening is vandeesweek deur makelaars uitgespreek. Die Suid-Afrikaanse Vereniging van Spesiale Risiko's (Sasria) bemark tans die polisse wat deur die Regering onderskryf word. Die polisse dien as bykomende dekking vir motorversekering en ander korttermyn-

versekering, soos dié teen brand en beskadiging van eiendom.

Makelaars is dit eens dat die polisse uitstekende dekking bied, maar hulle kla daar is te veel rompslomp as 'n versekerde die polis wil wysig.

Die groot beswaar is dat die versekeraar 'n nuwe koeponpolis moet kry as hy sy polis wil wysig. Daar kan nie, soos in die geval van sy gewone versekering, net 'n wysiging gedoen word nie. Die oorspronklike polis moet aan die makelaar gestuur word, wat weer op sy beurt dit aan die agent

(versekeringsmaatskappy) moet stuur, wat dit weer aan Sasria moet stuur.

'n Kaapstadse makelaar, mnr. David Hersch, sê dit sal baie makliker wees om net 'n wysiging op die polis te doen.

Mnr. D.P. Gillimore, direkteur (tegniese dienste) van Price Fobes Federale, sê die Vereniging van Makelaars en Sasria gaan binnekort sekere probleme oor die polisse bespreek. Mnr. Gillimore sê baie van sy kliënte beskou die soort polis as te duur. Die gemiddelde premie is 0,1 persent van die polis se batewaarde.

In gevalle waar 'n versekeraar se eiendom naby 'n

potensiële gevaarlike gebied is, bedra die premie tot 0,5 persent van die polis se batewaarde.

Nog 'n probleem is dat 'n versekerde wat byvoorbeeld 'n fabriek het, net gedek is vir beskadiging aan die fabriek. As die fabriek vernietig sou word, sal Sasria hom net vir die skade uitbetaal. Hy kry nie dekking vir winsverliese weens die beëindiging van sy produksie nie. Dit wil sê dat hy die verlies moet dra terwyl 'n nuwe fabriek opgerig word.

Mnr. H. White, bestuurder van Hosken's in Kaapstad, sê hoewel die polis aan kliënte bekend gestel

word, is daar min belangstelling. Kliënte se houding is gewoonlik om te wag tot politieke onrus uitbreek.

Mnr. Gillimore waarsku dat dit onverstandig is, omdat die kliënt moontlik nie dieselfde dekking as nou gaan kry as die onrus uitbreek nie.

Nog 'n probleem is dat die polisse nie genoeg geadverteer word nie. Basies is dit net versekerdes wat hul polisse deur makelaars koop, wat van Sasria se polis weet. Die breë publiek en versekeraars wat nie hul polisse deur makelaars koop nie, weet gewoonlik nie van die polisse nie.

— Flip Meyer

TREFWOORDE

- 1 Kaapstad
- 2 Nedekering
- 3 Rompslomp
- 4 Sasria
- 5 Polise
- 6 Winst
- 7 Verlies
- 8
- 9
- 10